(e) (i) Indien die kinders onder die ouderdom van twee jaar gehuisves word, 'n minimum buitenshuise area van 3 m² per kind vir gebruik van stootwaentjies, speelhokke en buitenshuise aktiwiteite soos vereis in artikel 4 (1) (i): Met dien verstande dat in hoëdigtheid-gebiede waar die voorskoolse inrigting in 'n gebou geleë is, die buitenshuise speelarea deur 'n bykomende binnenshuise speelarea van 3 m² per kind vervang kan word.

(ii) Indien kinders van die ouderdom van twee jaar en ouer gehuisves word, 'n buitenshuise area wat aan (i) hierbo voldoen, behalwe dat die minimum oppervlakte vergroot word tot 5 m² per kind: Met dien verstande dat in hoëdigtheid-gebiede waar die voorskoolse inrigting in 'n gebou geleë is, die buitenshuise speelarea deur 'n bykomende binnenshuise speelarea van 5,5 m² per kind vervang kan word.

(iii) If a nursery school which has been registered is conducted on the same premises as such pre-school institution, the areas referred to in (i) and (ii) above, shall be separated from any outdoor area used by children attending such nursery school.

(iv) An after school care centre shall not be permitted on the same premises as a pre-school institution, unless in completely separate facilities or unless conducted at different times.

(f) A kitchen as contemplated in section 4 (2).

(g) (i) If bottles and teats are used for feeding of children, the kitchen as contemplated in section 4 (2) shall be increased by a minimum of 3 m² to provide a separate area for milk kitchen purposes. Where the number of children is in excess of 50, the floor area shall be increased to the satisfaction of the Head of Health Services and if required by the Head of Health Services, the milk kitchen shall be partitioned off from the rest of the kitchen.

(ii) Such milk kitchen shall have the following:

(aa) An approved double compartment sink of stainless steel with a constant supply of hot and cold running water.

(bb) A separate refrigerator for the sole storage of milk and milk bottles.

(h) Adequate storage facilities for food, linen, perambulators and other equipment.

(i) Separate storage facilities for the personal belongings of each child and staff member.

(j) Sanitary and ablution facilities for children under two years shall have the following:

(i) Ready access to the room referred to in paragraph (d) (i) (aa).

(ii) A separate sluice area with a minimum size of 6 m² and which shall have—

(aa) an approved combined sluice sink and hopper. Such sink and hopper shall be fitted with a 150 mm splash screen and shall be installed 100 mm away from any wall surface and shall have a constant supply of hot and cold running water. Every part of the wall surface within 600 mm from the sink and hopper shall be tiled or have some other approved finish;

(bb) a wash-hand basin installed at a height which can be conveniently used by an adult and having a constant supply of hot and cold running water;

(cc) an approved water closet (juvenile type). If deemed necessary by the Head of Health Services, the number of water closets shall be increased.

(iii) A separate bathing area of a minimum size of 6 m² shall be provided with an approved bathing unit for 10 children or part of 10. Such units shall have a constant supply of cold and thermostatically controlled hot running water. If such bathing area is provided in the nursery, an additional floor area of 6 m² shall be provided and shall have ready access to the sluice sink and hopper.

(iv) Separate facilities for the storage of clean and soiled nappies.

(v) Disposable and approved material for the cleaning of children wearing nappies.

(vi) A minimum of two towels and one face-cloth for each child's use.

(vii) Individual pegs or hooks for each child's towels and face-cloths mentioned in (vi) above, and such pegs or hooks shall be placed 225 mm apart, and individually marked: Provided that separate hooks shall be provided for towels and face cloths respectively.

(iii) Indien 'n kleuterskool wat geregistreer is of wat geregistreer moet word op dieselfde perseel as sodanige voorskoolse inrigting bedryf word, moet die area waarna in (i) en (ii) hierbo verwys word, geskei word van enige buitenshuise area wat gebruik word deur kinders wat sodanige kleuterskool bywoon.

(iv) 'n Naskoolsentrum word nie op dieselfde perseel as 'n voorskoolse inrigting toegelaat nie, tensy in heeltemal afsonderlike geriewe, of op ander tye bedryf word.

(f) 'n Kombuis bedoel in artikel 4 (2).

(g) (i) Indien bottels en tiete gebruik word om kinders te voed, moet die kombuis soos in artikel 4 (2) bedoel, met 'n minimum van 3 m² vergroot word om 'n aparte area vir melkkombuisdoeleindes te voorsien. Indien die getal kinders meer as 50 is, moet die vloeroppervlakte tot voldoening van die Hoof: Gesondheidsdienste vergroot word en indien die Hoof/Gesondheidsdienste dit vereis, moet die melkkombuis afgeskort word van die res van die kombuis.

(ii) Sodanige melkkombuis moet die volgende hê:

(aa) 'n Goedgekeurde dubbelkompartementopwasbak van vlekvrye staal met 'n konstante toevoer warm en koue lopende water.

(bb) 'n Afsonderlike koelkas vir die uitsluitlike opberging van melk en melkbottels.

(h) Toereikende opberggeriewe vir voedsel, linne, stootwaentjies en ander toerusting.

(i) Afsonderlike opberggeriewe vir die persoonlike besittings van elke kind en personeellid.

(j) Sanitêre en wasgeriewe vir kinders onder twee jaar moet die volgende hê:

(i) Maklike toegang tot die vertrek waarna in paragraaf (d) (i) (aa) verwys word.

(ii) 'n Afsonderlike spoelarea met 'n minimum grootte van 6 m² met die volgende:

(aa) 'n Goedgekeurde gekombineerde spoel-en-tregterbak. Sodanige spoel-en-tregterbak moet toegerus wees met 'n spatskerm van 150 mm en moet 100 mm weg van enige muuroppervlak af geïnstalleer word en moet 'n konstante toevoer van warm en koue lopende water hê. Elke deel van die muuroppervlak binne 600 mm van die spoel en tregterbak moet geteël wees of 'n ander goedgekeurde afwerking hê.

(bb) 'n Handewasbak wat geïnstalleer is op 'n hoogte wat gerieflik deur 'n volwassene gebruik kan word en 'n konstante toevoer warm en koue lopende water het.

(cc) 'n Goedgekeurde toilet (kindertipe). Indien deur die Hoof: Gesondheidsdienste nodig geag, moet die getal toilette vergroot word.

(iii) 'n Afsonderlike badarea met 'n minimum grootte van 6 m² voorsien van 'n goedgekeurde badeenheid vir 10 kinders of deel van dié getal. Sodanige eenhede moet 'n konstante toevoer koue en termostaties-beheerde warm lopende water hê. Indien sodanige badarea in die kinderkamer voorsien word, moet 'n bykomende vloeroppervlakte van 6 m² voorsien word en maklike toegang tot die spoel-en-tregterbak bied.

(iv) Afsonderlike geriewe vir die opberging van skoon en vuil doeke.

(v) Weggooibare en goedgekeurde materiaal vir die skoonmaak van kinders wat doeke dra.

(vi) 'n Minimum van twee handdoeke en een waslap vir elke kind se gebruik.

(vii) Individuele penne of hake vir elke kind se handdoeke en waslap soos in (vi) hierbo genoem, en sodanige penne of hake moet 225 mm van mekaar en individueel gemerk wees: Met dien verstande dat afsonderlike hake vir onderskeidelik handdoeke en waslappe voorsien moet word.

(viii) An adequate number of bins with self-closing lids for the disposal of paper, paper towels, tissues and other waste articles.

(ix) If necessary in the opinion of the Head of Health Services, chamber pots (reduced size) shall be provided. Such chamber pots shall be suitably stored, kept in good repair and used only in the sluice area mentioned in paragraph (j) (ii), save where such equipment may be required for use in the isolation area referred to in paragraph (a).

(k) If children aged two years and over are accommodated, sanitary and ablution facilities complying with the provisions of section 4 (1) (e) shall be provided.

(l) Sanitary and ablution facilities for the staff complying with the provisions of section 4 (1) (f).

(m) Storage facilities for indoor and outdoor play equipment.

(n) Approved laundry facilities on the premises, unless laundering is done on other approved premises.

***General requirements relating to all buildings used for pre-school institutions***

**6.** Notwithstanding the provisions of the National Building Regulations, every building or part thereof used for a pre-school institution shall comply with the following requirements:

(a) The windows of all playrooms and isolation areas shall be so designed and installed as not to constitute a danger to the children when open and so that the lower level is not more than 750 mm from ground floor.

(b) The internal walls throughout shall have a smooth surface and shall be covered with a light coloured durable and washable paint.

(c) Floors and skirtings shall be finished with a smooth surface, free of sharp edges or other dangerous defects.

(d) All rooms shall have a ceiling and such ceilings shall have no open joints and shall be painted with a light coloured durable and washable paint.

***Sanitary and ablution facilities for staff resident on the premises***

**7.** (1) The following separate facilities for males and females shall be provided in respect of staff living on the premises:

(a) One water closet and one wash hand-basin for every 15 persons or part of 15.

(b) One bath or shower for every eight persons or part of eight.

(c) A constant supply of hot and cold running water to the wash-hand basins, baths and showers referred to in paragraphs (a) and (b).

(d) An adequate supply of soap, toilet paper and clean towels.

(2) The area occupied by staff living on the premises shall have no direct communication with any area used by the children and shall be inaccessible to the children and adequately screened from the rest of the premises.

***Resting, feeding and play equipment***

**8.** (1) Equipment for children shall comply with the following:

(a) An adequate number of approved children's chairs shall be provided. For children under 18 months of age, an adequate number of approved feeding chairs shall be provided.

(b) An adequate number of approved children's tables shall be provided.

(c) An adequate supply of approved individual resting or sleeping equipment shall be provided for each child. Such equipment shall be marked with the relevant child's name or symbol, and so arranged that there is a minimum of 450 mm between each child.

(d) An adequate supply of bedding shall be provided and correspondingly marked with the name or symbol referred to in paragraph (c).

(e) An adequate supply of approved indoor and outdoor play equipment shall be provided.

(viii) 'n Toereikende getal houers met selfsluitende deksels vir die wegdoening van papier, papierhanddoeke, snesies en ander afvalartikels.

(ix) Indien nodig na die mening van die Hoof: Gesondheidsdienste, kamerpotte (klein grootte). Sodanige kamerpotte moet paslik opgeberg word in goeie toestand gehou word en slegs gebruik word in die spoelarea wat in subparagraaf (ii) genoem word, behalwe waar sodanige toerusting vir gebruik benodig word in die afsonderingsarea wat in paragraaf (a) genoem word.

(k) Indien kinders van die ouderdom van twee jaar en ouer gehuisves word, moet sanitêre en wasgeriewe voorsien word wat aan die bepalings van artikel 4 (1) (e) voldoen.

(l) Sanitêre en wasgeriewe vir die personeel wat voldoen aan die bepalings van artikel 4 (1) (f).

(m) Opberggeriewe vir binnenshuise en buitenshuise speeltoerusting.

(n) Goedgekeurde wasserygeriewe op die perseel tensy wasgoed op 'n ander goedgekeurde perseel gewas word.

***Algemene vereistes in verband met alle geboue wat vir voorskoolse inrigtings gebruik word***

**6.** Ondanks die bepalings van die Nasionale Bouregulasies, moet elke gebou of deel daarvan wat vir 'n voorskoolse inrigting gebruik word, aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Die vensters van alle speelkamers en afsonderingsareas moet so ontwerp en geïnstalleer wees dat dit nie 'n gevaar vir kinders inhou wanneer dit oop is nie en sodat die laagste vlak hoogstens 750 mm van die grondvlak is.

(b) Al die binnemure moet 'n gladde oppervlak hê en moet met 'n ligkleurige duursame en wasbare verf bedek wees.

(c) Vloere en vloerlyste moet 'n gladde afwerking hê, sonder skerp rande of ander gevaarlike defekte.

(d) Alle vertrekke moet plafonne hê en die lasse van sodanige plafonne moet dig en noupassend wees en sodanige plafonne moet met 'n ligkleurige duursame en wasbare verf bedek wees.

***Sanitêre en wasgeriewe vir personeel wat op die perseel woon***

**7.** (1) Die volgende aparte geriewe vir manlike en vroulike geslagte moet voorsien word vir personeel wat op die perseel woon:

(a) Een toilet en een handewasbak vir elke 15 persone of deel van 15.

(b) Een bad of stortbad vir elke agt persone of deel van agt.

(c) 'n Konstante toevoer warm en koue lopende water vir die handewasbakke, baddens en stortbad waarna in paragrawe (a) en (b) verwys word.

(d) 'n Toereikende voorraad seep, toiletpapier en skoon handdoeke.

(2) Die gebied wat geokkupeer word deur personeel wat op die perseel woon, mag geen direkte kommunikasie hê met enige gebied wat deur die kinders gebruik word nie en moet ontoeganklik wees vir die kinders en toereikend afgeskerm wees van die res van die perseel.

***Rus-, voeding- en speeltoerusting***

**8.** (1) Toerusting vir kinders moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) 'n Toereikende getal goedgekeurde kinderstoele moet voorsien word. Vir kinders jonger as 18 maande moet 'n toereikende getal goedgekeurde babastoele voorsien word.

(b) 'n Toereikende getal goedgekeurde kindertafels moet voorsien word.

(c) 'n Toereikende voorraad goedgekeurde individuele rus- of slaaptoerusting moet vir elke kind voorsien word. Sodanige toerusting moet met die betrokke kind se naam of simbool gemerk word, en só gerangskik word dat daar 'n minimum van 450 mm tussen kinders is.

(d) 'n Toereikende voorraad beddegoed moet voorsien en dienooreenkomstig gemerk word met die naam of simbool wat in paragraaf (c) genoem word.

(e) 'n Toereikende voorraad goedgekeurde binnenshuise en buitenshuise speeltoerusting moet voorsien word.

(2) (a) If bottles and teats are required for any children, approved bottles and teats shall be provided for the individual use of such child, and such feeding bottles and teats shall be sterilised by an approved method before use.

(b) If cutlery and crockery are required for any children, an adequate supply of cutlery and crockery , an adequate supply of cutlery and crockery shall be provided for the convenient use of such children.

(3) No paddling-pool, swimming-pool, sand pit or other structure shall be permitted on the premises of any pre-school institution without the approval of the Head of Health Services, subject to such conditions concerning safety and coverage as he may lay down from time to time.

***Medical care of children***

**9.** (1) Every child shall be kept under observation for any signs of illness, indisposition or other abnormal condition.

(2) The parent or guardian of the child concerned shall be notified immediately when any illness, indisposition or abnormal condition is observed.

(3) Whenever a child becomes ill or has suffered an injury requiring medical attention, a medical practitioner shall be summoned. A telephone shall be available for this purpose.

(4) Any child who is ill or has suffered an injury, shall be isolated and shall receive the necessary care and comfort.

(5) All instructions issued by the medical practitioner referred to in subsection (3) shall be carried out and in the event of a communicable disease, the Head of Health Services shall be notified immediately.

(6) A record of all injuries and illnesses of every child shall be kept.

***Safety measures***

**10.** The following safety measures shall be taken:

(a) Children shall be adequately protected against fires, hot water installations, electrical fittings and appliances, heating appliances and any other article or thing which may be dangerous or cause injury to any child.

(b) Any slats or rails forming part of an enclosure, bed, cot or any other object or structure whatsoever, shall not be more than 75 mm apart and shall be suitably installed and maintained in a good state of repair and a non-toxic paint shall be used when painted.

(c) (i) The premises shall be entirely enclosed by an approved wall or other approved means of enclosure so as to prevent a child leaving the premises on his own accord, and to prevent the entrance of domestic animals.

(ii) All gates or doors to such enclosure shall be closefitting and securely locked or otherwise closed so as to prevent a child opening them.

(d) The first-aid cupboard referred to in sections 4 (i) (a) (iii) and 5 (a) (iii) shall be fully and adequately equipped to the satisfaction of the Head of Health Services. Such equipment shall be readily available for use and kept out of every child's reach.

(e) All medicines, pesticides, detergents and other harmful substances shall be stored so as not to be accessible to any child.

(f) No noxious or poisonous plant or shrub shall be permitted on the premises and no animal shall be kept without the approved of the Head of Health Services.

(g) No person known or suspected to be suffering from an infectious or contagious disease, and no person who has been in contact with a person so suffering shall be allowed on the premises while in the opinion of the Head of Health Services such person is capable of communicating such infectious or contagious disease.

(h) The provisions of the regulations regarding the exclusion of children from school on account of infectious diseases made in terms of the Health Act, 1977, shall apply to all pre-school institutions.

(2) (a) Indien bottels en tiete vir enige kinders benodig word, moet goedgekeurde bottels en tiete vir die individuele gebruik van elke sodanige kind voorsien word, en sodanige bababottels en tiete moet voor gebruik deur middel van 'n goedgekeurde metode gesteriliseer word.

(b) Indien eetgerei en breekware vir enige kinders benodig word, moet 'n toereikende voorraad eetgerei en breekware vir die gerieflike gebruik van sodanige kinders voorsien word.

(3) Geen plasdam, swembad, sandput of ander struktuur word op die perseel van enige voorskoolse inrigting toegelaat nie, tensy met die goedkeuring van die Hoof: Gesondheidsdienste, en onderworpe aan sodanige voorwaardes oor veiligheid en bedekking as wat hy van tyd tot tyd voorskryf.

***Mediese versorging van kinders***

**9.** (1) Elke kind moet onder observasie gehou word vir enige teken van siekte, ongesteldheid of ander abnormale toestand.

(2) Die ouer of voog van die betrokke kind moet onmiddellik in kennis gestel word wanneer enige siekte, ongesteldheid of abnormale toestand waargeneem word.

(3) Elke keer dat 'n kind siek word of 'n besering opgedoen het wat mediese aandag vereis, moet 'n mediese praktisyn ontbied word. 'n Telefoon moet vir dié doel beskikbaar wees.

(4) Enige kind wat siek is of enige besering opgedoen het, moet afgesonder word en moet die nodige versorging en vertroosting ontvang.

(5) Alle instruksies wat gegee word deur die mediese praktisyn wat in subartikel (3) genoem word, moet uitgevoer word en in die geval van 'n oordraagbare siekte moet die Hoof: Gesondheidsdienste onmiddellik in kennis gestel word.

(6) 'n Rekord van alle beserings en siektes van elke kind moet gehou word.

***Veiligheidsmaatreëls***

**10.** Die volgende veiligheidsmaatreëls moet getref word:

(a) Kinders moet toereikend beskerm word teen vure, warmwaterinstallasies, elektriese toebehore en toestelle, verwarmers en enige ander artikel of ding wat vir enige kind gevaarlik kan wees of hom kan beseer.

(b) Enige hortjie of reling wat deel van 'n omheining, speelhok, bed, bababed of enige ander voorwerp of struktuur hoegenaamd uitmaak, mag nie meer as 75 mm van mekaar af wees nie en moet paslik geïnstalleer wees en in 'n goeie toestand in stand gehou word, en indien dit geverf word, mag net nie-toksiese verf gebruik word.

(c) (i) Die perseel moet geheel omhein wees met 'n goedgekeurde muur of ander goedgekeurde omheiningsmateriaal ten einde te voorkom dat 'n kind die perseel op sy eie verlaat, en om te voorkom dat huisdiere die perseel binnekom.

(ii) Alle hekke of deure in sodanige omheining moet dig pas en veilig gesluit of andersins toe wees om te voorkom dat 'n kind dit oopmaak.

(d) Die eerstehulpkas waarna in artikels 4 (1) (a) (iii) en 5 (a) (iii) verwys word, moet volledig en toereikend toegerus wees tot voldoening van die Hoof: Gesondheidsdienste. Sodanige toerusting moet geredelik beskikbaar wees vir gebruik, en buite die bereik van elke kind gehou word.

(e) Alle medisyne, plaagdoders, skoonmaakmiddels en ander nadelige stowwe moet so opgeberg word dat dit vir enige kind ontoegankelik is.

(f) Geen skadelike of giftige plant of struik word op die perseel toegelaat nie en geen dier mag sonder toestemming van die Hoof: Gesondheidsdienste aangehou word nie.

(g) Geen persoon waarvan dit bekend is of vermoed word dat hy aan 'n besmetlike of aansteeklike siekte ly, en geen persoon wat in aanraking was met sodanige persoon, mag op die perseel toegelaat word terwyl sodanige persoon, na die mening van die Hoof: Gesondheidsdienste, in staat is om sodanige besmetlike of aansteeklike siekte oor te dra nie.

(h) Die bepalings van die regulasies oor die uitsluiting van kinders van die skool weens besmetlike siektes wat ingevolge die Gesondheidswet, 1977, uitgevaardig is, geld vir alle voorskoolse inrigtings.

***General duties and liability for compliance with by-laws***

11. (1) The health certificate holder, or if there is no health certificate holder, the natural or artificial person or partnership or association or persons conducting the pre-school institution, shall ensure that the children are at all times properly cared for and supervised and shall—

(a) maintain every part of the pre-school institution, including outdoor areas and all structures and equipment, in good repair and in a clean and tidy condition;

(b) take adequate measures to protect all foodstuffs from contamination;

(c) ensure that all perishable foodstuffs, other than unfrozen fruit and vegetables, are stored in refrigeration facilities at a temperature not exceeding 10 °C: Provided that milk shall be so stored at a temperature not exceeding 7 °C;

(d) ensure that all persons on or in the premises are clean in person and clothing and are in a good state of health;

(e) ensure that no person shall smoke in the presence of the children;

(f) ensure that all persons engaged in the handling and preparation of food, wear clean and sound overalls;

(g) ensure that toys, books and other indoor play materials intended for day-to-day use are available in the play-room and suitably stored so as to be within the reach of the children;

(h) (i) ensure that the children are at all times under the direct supervision of such number of adults as is required by the registering body: Provided that at no time shall a child be under the direct supervision of domestic staff;

(ii) ensure that the qualifications of staff, including the supervisor or principal, comply with the requirements of the registering body;

(i) if transport to or from a pre-school institution is provided, ensure that—

(i) the children are supervised by at least one adult, apart from the driver, until they are handed over to the parents or guardians;

(ii) the doors of the vehicle cannot be opened internally;

(iii) no children are transported in the front seat of the vehicle which shall be screened so that children are unable to climb over;

(iv) a baby in a carry cot is not placed under a seat;

(v) seating space for each child and space for carry cots comply with prescribed standards;

(vi) the driver remains at the steering wheel at all times and does not assist with the handling of the children;

(vii) the driver of the vehicle licensed to carry passengers;

(j) ensure that each child uses his own towel or face cloth, as the case may be;

(k) (i) ensure that all meals provided for the children meet with the requirements of the Head of Health Services;

(ii) ensure that all menus are approved and adhered to and so displayed as to be visible to the parents;

(iii) keep record of menus of all meals, and ensure that such records are open for inspection at all times;

(l) ensure that a personal file containing forms and details relevant to each particular child is maintained;

***Algemene pligte en aanspreeklikheid vir voldoening aan verordeninge***

11. (1) Die houer van 'n gesondheidsertifikaat, of indien daar geen houer van 'n gesondheidsertifikaat is nie, die natuurlike of regspersoon of vennootskap of vereniging van persone wat die voorskoolse inrigting bedryf, moet seker maak dat die kinders te alle tye behoorlik versorg word en dat daar behoorlik oor hulle toesig gehou word en moet—

(a) elke deel van die voorskoolse inrigting, met inbegrip van buitenshuise areas en alle strukture en toerusting, in goeie orde en 'n skoon en netjiese toestand hou;

(b) toereikende stappe doen om alle voedsel teen besoedeling te beskerm;

(c) seker maak dat alle bederfbare voedsel, behalwe onbevrore vrugte en groente, in verkoelingsgeriewe opgeberg word by temperature van hoogstens 10 °C: Met dien verstande dat melk aldus by 'n temperatuur van hoogstens 7 °C opgeberg moet word;

(d) seker maak dat alle persone op of in die perseel skoon is op hulle persoon en klere en in 'n goeie gesondheidstoestand verkeer;

(e) seker maak dat geen persoon in die teenwoordigheid van die kinders rook nie;

(f) seker maak dat alle persone wat met die hantering en bereiding van voedsel besig is, skoon en heel oorpakke dra;

(g) seker maak dat speelgoed, boeke en ander binnenshuise speelmateriale wat vir daaglikse gebruik bedoel is in die speelkamer beskikbaar is en geskik opgeberg word sodat dit binne die bereik van die kinders is;

(h) (i) seker maak dat die kinders te alle tye onder die direkte toesig van sodanige getal volwassenes is as wat deur die registrasieliggaam vereis word: Met dien verstande dat geen kind te enige tyd onder die direkte toesig van huishoudelike personeel mag wees nie;

(ii) seker maak dat die kwalifikasies van personeel, met inbegrip van die toesighouer of prinsipaal, voldoen aan die vereistes van die registrasieliggaam;

(i) indien vervoer na en van die voorskoolse inrigting voorsien word, seker maak dat—

(i) die kinders onder die toesig van ten minste een volwassene, afgesien van die voertuigbestuurder, is totdat hulle aan die ouers of voogde oorhandig word;

(ii) die deure van die voertuig nie van binne oopgemaak kan word nie;

(iii) geen kind vervoer word op die voorste sitplek van die voertuig nie, welke sitplek afgeskerm moet wees sodat kinders nie kan oorklim nie;

(iv) 'n baba in 'n drabedjie nie onder 'n sitplek geplaas word nie;

(v) sitplek vir elke kind en ruimte vir drabedjies voldoen aan die voorgeskrewe standaarde;

(vi) die voertuigbestuurder te alle tye aan die stuur bly en nie met die hantering van die kinders help nie;

(vii) die bestuurder van die voertuig gelisensieer is om passasiers te vervoer;

(j) seker maak dat elke kind sy eie handdoek of waslap, al na die geval, gebruik;

(k) (i) seker maak dat alle etes wat vir die kinders voorsien word, aan die vereistes van die Hoof: Gesondheidsdienste voldoen;

(ii) seker maak dat alle spyskaarte goedgekeur is en by gebly word en so vertoon word dat die ouers dit kan sien;

(iii) alle rekords van spyskaarte en etes hou en seker maak dat sodanige rekords te alle tye ter insae lê;

(l) seker maak dat 'n persoonlike lêer gehou word wat al die tersaaklike vorms en besonderhede van elke bepaalde kind bevat;

(m) ensure that all children admitted have completed basic immunisation schedules as deemed necessary by the Head of Health Services: Provided that if children are too young, such immunisation shall be carried out and completed as soon as such children are old enough.

*Application for admission*

12. (1) The health certificate holder, or if there is no health certificate holder, the natural or artificial person or partnership or association of persons conducting the pre-school institution, shall ensure that an application containing the following information is completed by a parent or guardian of a child before admission to a pre-school institution:

(a) The child's name and date of birth;

(b) name, address and telephone number of the parent(s) or guardian;

(c) place of employment and telephone number of the parent(s) or guardian;

(d) name, address and telephone number of a responsible person other than the parents or guardian, who may be consulted in emergencies;

(e) name, address and telephone number of child's medical practitioner and permission to consult him.

(2) All such application forms shall be retained and the date of admission and discharge of the child referred to in such form shall be entered thereon.

*Registers*

13. (1) A register of all the children admitted and discharged shall be kept.

(2) A register of attendance shall be kept in which the presence or absence of children be noted daily.

(3) Such attendance register shall in addition include the children's respective dates of birth.

*Medical report*

14. A report containing the following health data shall be obtained from the parent or guardian in respect of each child before admission and retained:

(a) Information concerning the child's general state of health and physical condition.

(b) Operations, illnesses and any communicable disease from which the child has suffered and the relevant dates.

(c) Details of previous required immunisation.

(d) Details of allergies and any medical treatment which such child may be undergoing.

*Journal*

15. A journal, diary, logbook or book of similar nature shall be kept in which important or outstanding events, including accidents, and a programme of daily activities are recorded in either of the official languages.

*Suspension or termination of operations*

16. The health certificate holder shall notify the council of the suspension or termination of the operations of the pre-school institution to which such health certificate relates or in the event of any occurance as specified in section 3 (2).

*Right of entry and inspection of premises and records*

17. Any duly authorised officer of the council may for any purpose connected with the application of these by-laws at all reasonable times and without notice, enter any premises upon which a pre-school institution is conducted or upon which such officer has reasonable grounds for suspecting the existence of such pre-school institution and make such examination, enquiry and inspection thereon as he may deem necessary.

*Offences*

18. (1) Any person who fails to give, or refuses access to any official of the Council duly authorised by these by-laws or by the Council to enter upon and inspect any premises, if he requests entrance to such premises, or obstructs or hinders such official in the execution of his duties in terms of these by-laws or who fails or refuses to give information that he may lawfully be required to give to

(m) seker maak dat alle kinders wat toegelaat word, basiese immuniseringskedules voltooi het soos nodig geag deur die Hoof: Gesondheidsdienste: Met dien verstande dat indien kinders te jonk is, sodanige immunisering uitgevoer en voltooi moet word sodra sodanige kind oud genoeg is.

*Aansoek om toelating*

12. (1) Die houer van 'n gesondheidsertifikaat, of indien daar geen houer van 'n gesondheidsertifikaat is nie, die natuurlike of regspersoon of vennootskap of vereniging van persone wat die voorskoolse inrigting bedryf, moet seker maak dat 'n aansoek wat die volgende inligting bevat, deur 'n ouer of voog van 'n kind voltooi word voordat sodanige kind tot 'n voorskoolse inrigting toegelaat word:

(a) Die kind se naam;

(b) naam, adres en telefoonnommer van die ouer(s) of voog;

(c) werkplek en telefoonnommer van die ouer(s) of voog;

(d) naam, adres en telefoonnommer van 'n ander verantwoordelike persoon as die ouer of voog wat in noodgevalle geraadpleeg kan word;

(e) naam, adres en telefoonnommer van die kind se mediese praktisyn, en toestemming om hom te spreek.

(2) Al sodanige aansoekvorms moet gehou word en die datums van toelating en ontslag van die kind waarna daar in sodanige vorm verwys word, moet daarop aangeteken word.

*Registers*

13. (1) 'n Register van al die kinders wat toegelaat en ontslaan is, moet gehou word.

(2) 'n Bywoningsregister waarin die aan- of afwesigheid van kinders daagliks aangeteken word, moet gehou word.

(3) Sodanige bywoningsregister moet ook die kinders se onderskeie geboortedatums bevat.

*Mediese verslag*

14. 'n Verslag wat die volgende gesondheidsdata bevat, moet voor toelating by die ouer of voog ten opsigte van elke kind verkry en gehou word:

(a) Inligting oor die kind se algemene gesondheidstoestand en liggaamlike toestand.

(b) Operasies ondergaan, en siektes en enige oordraagbare siekte waaraan die kind gely het, en die betrokke datums.

(c) Besonderhede van vorige verpligte immunisasie.

(d) Besonderhede van allergieë en van enige mediese behandeling wat sodanige kind moontlik ondergaan.

*Joernaal*

15. 'n Joernaal, dagboek, logboek of boek van soortgelyke aard moet gehou word waarin belangrike of besondere gebeurtenisse, met inbegrip van ongelukke, en 'n program van daaglikse aktiwiteite in een van die amptelike tale aangeteken word.

*Opskorting of beëindiging van bedrywighede*

16. Die houer van 'n gesondheidsertifikaat moet die raad verwittig van die opskorting of beëindiging van die bedrywighede van die voorskoolse inrigting waarop sodanige gesondheidsertifikaat betrekking het, of in die geval van enige gebeurtenis soos in artikel 3 (2) gespesifiseer word.

*Reg van betreding en inspeksie van perseel en rekords*

17. Enige behoorlik-gemagtigde beampte van die raad kan vir enige doel in verband met die toepassing van hierdie verordeninge te alle billike tye en sonder kennisgewing enige perseel betree waarop 'n voorskoolse inrigting bedryf word of waarop sodanige beampte billike gronde het om te vermoed dat daar 'n voorskoolse inrigting bestaan en sodanige ondersoek, navraag en inspeksie daarop doen as wat hy nodig ag.

*Misdrywe*

18. (1) Enige persoon wat in gebreke bly of weier om toegang te verleen aan enige beampte van die Raad wat behoorlik deur hierdie verordeninge of deur die Raad gemagtig is om enige perseel te betree en te inspekteer indien hy toegang tot sodanige perseel verlang, of sodanige beampte in die uitvoering van sy pligte ingevolge hierdie verordeninge belemmer of hinder, of wat in gebreke bly of

such official, or who gives to such official false or misleading information, knowing it to be false or misleading, or who unlawfully prevents any other person from entering upon such premises, shall be guilty of an offence.

(2) Any person who—

(a) fails or refuses to comply with any provision of these by-laws or any conditions imposed by the Head of Health Services in terms of section 2;

(b) being a health certificate holder, allows—

(i) a greater number of children than the number stated on the health certificate to be enrolled or to be present in the pre-school institution to which the health certificate relates;

(ii) any child whose age is more than the maximum or minimum ages of the children who may be kept on the premises concerned, in terms of the health certificate, to be enrolled at or to be present in such pre-school institution; or

(iii) such pre-school institution to be operated during hours not stated on such health certificate, shall be guilty of an offence and liable on conviction, to a fine not exceeding R500 or imprisonment for a period not exceeding 12 months, or both, and in the event of a continuing offence shall be guilty of a separate offence and liable as aforesaid for every day or part of a day during which the offence continues.

***Withdrawal of health certificate***

**19.** The Council may at its discretion withdraw a health certificate issued in terms of these by-laws should such health certificate holder be convicted of a breach of the provisions of these by-laws.

***Presumptions***

**20.** If at any prosecution in terms of these by laws, it is alleged—

(a) that the owner, lessee or occupier of the premises conducts a pre-school institution at such premises, he shall be deemed to have conducted a pre-school institution at the said premises, unless the contrary is proved; or

(b) that any child was of a certain age, such child shall be deemed to have been that age, unless the contrary is proved.

***Repeal of by-laws***

**21.** The Standard Health By-laws for Créches and Créches-cum-Nursery Schools for White Children, published under Administrator's Notice No. 1361, dated 16 August 1972, are hereby repealed.

**P. J. JACOBS,**
TOWN CLERK.

Municipal Offices, P.O. Box 25, Edenvale, 1610.

21 July 1993.

(Notice No. 79/1993)

weier om inligting te verstrek wat hy wettiglik verplig is om aan sodanige beampte te verstrek, of wat aan sodanige beampte verkeerde of *misleidende inligting verstrek wetende dat dit verkeerd of misleidend* is, of wat onwettig enige ander persoon verhinder om sodanige perseel te betree, is skuldig aan 'n misdryf.

(2) Enige persoon wat—

(a) in gebreke bly of weier om te voldoen aan enige bepaling van hierdie verordeninge of enige voorwaarde wat deur die Hoof: Gesondheidsdienste ingevolge artikel 2 gestel word;

(b) 'n houer van 'n gesondheidsertifikaat is en toelaat dat—

(i) 'n groter getal kinders as die getal wat op die gesondheidsertifikaat genoem word, ingeskryf word of aanwesig is in die voorskoolse inrigting waarop die gesondheidsertifikaat betrekking het;

(ii) enige kind wie se ouderdom meer of minder as die maksimum of minimum ouderdom is van die kinders wat ingevolge die gesondheidsertifikaat op die betrokke perseel gehou mag word, ingeskryf word of aanwesig is in sodanige voorskoolse inrigting; of

(iii) sodanige voorskoolse inrigting bedryf word tydens ure wat nie in sodanige gesondheidsertifikaat genoem word nie, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, of albei, en in die geval van 'n voortdurende misdryf is sodanige persoon skuldig aan 'n afsonderlike misdryf en aanspreeklik soos voornoem vir elke dag of deel van 'n dag wat die misdryf voortduur.

***Intrekking van gesondheidsertifikaat***

**19.** Die Raad kan na goeddunke 'n gesondheidsertifikaat wat ingevolge hierdie verordeninge uitgereik is, intrek indien die houer van sodanige gesondheidsertifikaat skuldig bevind word aan 'n oortreding van die bepalings van hierdie verordeninge.

***Presumpsies***

**20.** Indien daar by enige vervolging ingevolge hierdie verordeninge beweer word dat—

(a) die eienaar, huurder of okkupeerder van die perseel 'n voorskoolse inrigting op sodanige perseel bedryf, word hy geag 'n voorskoolse inrigting op genoemde perseel te bedryf het, tensy die teendeel bewys word; of

(b) enige kind 'n bepaalde ouderdom gehad het, word sodanige kind geag daardie ouderdom te gehad het, tensy die teendeel bewys word.

***Herroeping van verordeninge***

**21.** Die Standaard Gesondheidsverordeninge vir Kinderbewaarhuise en Kinderbewaarhuise-cum-kleuterskole vir Blanke Kinders, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 1361 van 16 Augustus 1972, word hierby herroep.

**P. J. JACOBS,**
STADSKLERK.

Munisipale Kantore, Posbus 25, Edenvale, 1610.

21 Julie 1993.

(Kennisgewing No. 79/1993)

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 2514

### CITY COUNCIL OF GERMISTON

AMENDMENT TO THE DETERMINATION OF CHARGES FOR THE CHARGES FOR THE HIRE OF HALLS

It is hereby notified in terms of section 80B (3) of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Germiston, by special resolution, redetermined the fees for the hire of halls in terms of section 80B (1) of the said Ordinance.

The general purport of the determination of the charges for the hire of halls.

The determination of the fees will come into effect on 1 January 1994.

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2514

### STADSRAAD VAN GERMISTON

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE GEBRUIK VAN SALE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B (3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Germiston, by spesiale besluit, die gelde vir die gebruik van sale ingevolge artikel 80B (1) van genoemde Ordonnansie hervasgestel het.

Die algemene strekking is om die gelde vir die gebruik van sale her vas te stel.

Die vasstelling van die gelde sal op 1 Januarie 1994 in werking tree.

A copy of the resolution and particulars of the determination are open for inspection during office hours at Room 037, Civic Centre, Cross Street, Germiston, for a period of 14 (fourteen) days from the date of publication of this notice in the *Official Gazette*, to wit from 21 July 1993 until 6 August 1993.

Any person who desires to object to this determination must do so in writing to the Town Clerk within 14 (fourteen) days from the date of publication of this notice in the *Official Gazette*, to wit from 21 July 1993 until 6 August 1993.

**C. A. ERASMUS,**

ACTING TOWN CLERK.

Civic Centre, Cross Street, Germiston.

(Notice No. 120/1993)

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 2515

**CITY COUNCIL OF GERMISTON**

AMENDMENT OF THE BY-LAWS RELATING TO THE HIRE OF HALLS

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Germiston intends amending the By-laws regarding the Hire of Halls.

The general purport of the proposed amendment is to delete the reference to non resident.

A copy of the resolution and particulars of the proposed amendment are open for inspection during office hours at Room 037, Civic Centre, Cross Street, Germiston, for a period of 14 (fourteen) days from the date of publication of this notice in the *Official Gazette*, to wit from 21 July 1993 until 6 August 1993.

Any person who desires to object to this promulgation of the by-laws must do so in writing to the Town Clerk within 14 (fourteen) days from the date of publication of this notice in the *Official Gazette*, to wit from 21 July 1993 until 6 August 1993.

**C. A. ERASMUS,**

Acting Town Clerk.

Civic Centre, Cross Street, Germiston.

(Notice No. 121/1993.)

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 2516

**CITY COUNCIL OF GERMISTON**

NOTICE OF APPROVAL

GERMISTON AMENDMENT SCHEME 363

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Townplanning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Germiston has approved the Amendment of the Germiston Townplanning Scheme, 1985, by the rezoning of Erf 11, Denlee Extension 1 Township, to "Business 4".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Head of the Department: Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the City Engineer, Third Floor, Samie Building, corner of Queen and Spilsbury Streets, Germiston, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Germiston Amendment Scheme 363.

**J. P. D. KRIEK,**

TOWN SECRETARY.

Civic Centre, Cross Street, Germiston.

18 June 1993.

(Notice No. 109/1993)

'n Afskrif van die besluit en besonderhede van die vasstelling lê gedurende kantoorure by Kamer 037, Burgersentrum, Cross-straat, Germiston, ter insae vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant*, te wete vanaf 21 Julie 1993 tot 6 Augustus 1993.

Enige persoon wat beswaar teen die vasstelling wil maak moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen binne 14 (veertien) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant*, te wete 21 Julie 1993 tot 6 Augustus 1993.

**C. A. ERASMUS,**

WAARNEMENDE STADSKLERK.

Burgersentrum, Cross-straat, Germiston.

(Kennisgewing No. 120/1993)

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2515

**STADSRAAD VAN GERMISTON**

WYSIGING VAN DIE VERORDENINGE BETREFFENDE DIE HUUR VAN OPENBARE SALE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Germiston van voorneme is om die Verordeninge betreffende die Huur van Openbare Sale te wysig.

Die algemene strekking van die voorgestelde wysiging is om die verwysing na nie-inwoner te skrap.

'n Afskrif van die besluit en besonderhede van die voorgenome wysiging lê gedurende kantoorure by Kamer 037, Burgersentrum, Cross-straat, Germiston, ter insae vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant*, te wete vanaf 21 Julie 1993 tot 6 Augustus 1993.

Enige persoon wat beswaar teen die afkondiging van die verordeninge wil maak moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen binne 14 (veertien) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant*, te wete 21 Julie 1993 tot 6 Augustus 1993.

**C. A. ERASMUS,**

Waarnemende Stadsklerk

Burgersentrum, Cross-straat, Germiston.

(Kennisgewing No. 121/1993)

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2516

**STADSRAAD VAN GERMISTON**

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

GERMISTON-WYSIGINGSKEMA 363

Ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, word hiermee kennis gegee dat die Stadsraad van Germiston die wysiging van die Germiston-dorpsbeplanningskema, 1985, goedgekeur het deur Erf 11, Denlee-uitbreiding 1, hersoneer na "Besigheid 4".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou by die Hoof van die Departement: Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en by die Stadsingenieur, Derde Verdieping, Samiegebou, hoek van Queen- en Spilsburystraat, Germiston, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Germiston-wysigingskema 363.

**J. P. D. KRIEK,**

STADSEKRETARIS.

Burgersentrum, Cross-straat, Germiston.

18 Junie 1993.

(Kennisgewing No. 109/1993)

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 2517

**CITY COUNCIL OF GERMISTON**

NOTICE OF DRAFT SCHEME

The City Council of Germiston hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, Ordinance No. 15 of 1986 (as amended), that a draft town-planning scheme to be known as Germiston Amendment Scheme 462, has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

A. Rezoning of Erven 113 to 122, Castleview Township, from "Educational" purposes to "Residential" purposes with a density of "One dwelling per Erf".

B. Rezoning of Erf 25, Daniapark Township, from "Educational" purposes to "Residential 1" purposes with a density of "One dwelling per erf".

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Engineer, Third Floor, Samie Building, corner of Queen and Spilsbury Streets, for a period of 28 days from 21 July 1993.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Secretary, at the Civic Centre, or P.O. Box 145, Germiston, within a period of 28 days from 21 July 1993.

**J. P. D. KRIEK,**

TOWN SECRETARY.

Civic Centre, Cross Street, Germiston.

(Notice No. 122/1993)

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2517

**STADSRAAD VAN GERMISTON**

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

Die Stadsraad van Germiston gee hiermee ingevolge artikel 28 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, Ordonnansie No. 15 van 1986 (soos gewysig), kennis dat 'n ontwerp-dorpbeplanningskema bekend te staan as Germiston-wysigingskema 462, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

A. Hersonering van Erwe 113 tot 122, dorp Castleview, vanaf "Onderwysdoeleindes" na "Residensieel 1" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf".

B. Hersonering van Erf 25, dorp Daniapark, vanaf "Onderwysdoeleindes" na "Residensieel 1" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf".

Die ontwerpskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsingenieur, Derde Verdieping, Samiegebou, hoek van Queen- en Spilsburystraat vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 21 Julie 1993.

